

12

HERSIENING

Lesse 1-11

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die kern van Lesse 1 tot 11 hersien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 1 tot 11 ken.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 1 tot 11 te leer en te ken.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om dit wat hulle in Lesse 1 tot 11 geleer het, te gaan uitleef in hulle alledaagse lewe.

MEER INLIGTING

Hierdie kategeseboek se titel is **ONS LEEF IN JESUS SE KERK**. In die eerste 11 hoofstukke het ons gekyk na die volgende belangrike feite oor hoe ons in Jesus se kerk leef:

- Ons is kinders van God, want Hy het gesê: *Jy is Myne*. Daarom is dit vir ons lekker in die kerk.
- Ons gee om vir ander mense, maak nie saak of hulle aan ander volke of taalgroepe behoort nie.
- Omdat God vir ons omgee, gee ons ook om vir alle mense in nood.
- Jesus is uit die dood opgewek, en daarom kan ons ook vir ewig lewe.
- Selfs al word mense deur ander mense verwerp, moet ons hulle uit dankbaarheid met liefde en respek behandel.
- Ons is deel van die Here se liggaam, dit is sy kerk, daarom gebruik ons ons gawes en talente in belang van God en ander mense.
- God se liefde word ook sigbaar deur ons liefde vir ander.
- Daar is baie geleenthede waar ons as deel van die Here se liggaam ander mense kan help.

- In die erediens vind daar 'n ontmoeting tussen ons en God, en ons en ons medegelowiges plaas.
- Die kerk is altyd ons tuiste waar ons die liefde van die Here ultiief.
- Die kinders moet weet die Heilige Gees se koms na die wêreld word met Pinkster herdenk.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n A5-bladsy.
- 'n Skêr.
- 'n Swart Koki-pen.

KOM ONS BEGIN

Lees die woorde van Gesang 334: 1 en 2 en open dan met gebed.

*“God is Liefde!” juiĝ ons harte,
en bedink wat liefde doen:
Dat Hy ons sy Seun gestuur het
om ons sonde te versoen.*

*Hy wat eerste liefgehad het,
het in liefde ons vergeef –
nou kan ons, uit God gebore,
uit dié bron van liefde leef!*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders lees wat hulle by EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU ingevul het en vertel hoe hulle gesin in die gemeente meehelp dat die evangelie verkondig en mense in nood gehelp word.
- Begin die hersiening deur dit wat vars in die geheue is te toets. Kyk of hulle dit wat hulle by Les 10 moes leer, kan onthou.
 - Met die koms van Wie is die mense toegerus om vir God 'n kerk op aarde te wees? *Heilige Gees.*
 - Wat beteken die woordjie *kerk*? *Kerk beteken om deur die Here geroep te wees.*
 - Waar het die mense bymekaar gekom toe die apostels vir hulle gepreek het? *In hulle huise.*
 - Wat het die eerste Christene by die tempel vir mekaar gedoen? *Mekaar moed ingepraat en mekaar gehelp.*
 - Hoekom het hulle van hulle *besittings* verkoop? *Om ander in nood by te staan, en omdat hulle mekaar liefgehad het.*
 - Waarmee het die gelowiges van die eerste gemeentes bewys dat hulle kinders van God is? *Met hulle woorde en dade.*

- O Vir wie almal sorg die Nederduitsch Hervormde Kerk? *Sorg vir gesinne, mense in skole, ouetehuse en kinderhuse, en ander behoeftige mense.*
- O Wie sorg dat mense Bybels kry? Die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika*, wat van hulle geld by ons Kerk kry.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Hou die inhoud by MEER INLIGTING kortliks aan die kinders voor – dit is basies die inhoudsopgawe van Lesse 1 tot 11.
 - Laat die kinders in twee groepe verdeel en 'n vasvra hou oor onderstaande vrae. Die kategeet moet die vrae vooraf tik, uitsny en in 'n boksie gooi.
 - Die antwoorde vir die kategeet verskyn ook hieronder by LEER.
 - Die groepe kry 30 sekondes om 'n vraag te beantwoord. Hulle kan terugblaaï in hulle boeke. Indien 'n teksvers by die vraag voorkom, kan die verse in die Bybel opgesoek word om 'n antwoord te kry. Hulle kry dan nog 30 sekondes.
 - Die groepe kry om die beurt kans om 'n vraag uit die boksie te trek en te beantwoord totdat al die vrae gevra is. Die kategeet hou die puntetelling by.
- O Wie was almal by die graf die Sondagmôre toe Jesus opgestaan het? (Markus 16: 1) *Maria Magdalena, Maria – die ma van Jakobus – en Salome.*
 - O Jesus het die 12 dissipels wat Hy uitgekies het ook *die 12 apostels* genoem. (Lukas 6: 13)
 - O Julle moet julle *vyande* liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word. (Lukas 6: 27)
 - O Wat verstaan jy onder ware liefde? *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*
 - O Watter twee magte het Jesus aan sy 12 dissipels gegee? (Matteus 10: 1) *Om onrein geeste uit te dryf en om siekes gesond te maak.*
 - O Wat beteken die woordjie kerk. (Les 6 – LEER) *Om deur die Here geroep te wees, om aan die Here te behoort en dus aan Hom gehoorsaam te wees.*
 - O Wat beteken die Doop vir ons? (Les 4 – IETS BELANGRIK) *Die Doop is 'n teken wat jy ontvang wat beteken jy is die Here s'n.*
 - O Wat is die ander naam wat Jesus gesê het Petrus genoem sal word? (Johannes 1: 42) *Sefas.*
 - O Op watter dag is die Heilige Gees uitgestort? (Handelinge 2: 1-4) *Pinksterdag.*
 - O Noem 'n paar voorbeelde van die vrug van die Gees. (Galasiërs 5: 22) *Liefde, blydschap, vrede, vriendelikheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.*
 - O Waarmee vergelyk die Bybel die kerk? (Les 6 – LEER) *Verduidelik. Die Bybel vergelyk die kerk met 'n liggaam om te verduidelik dat ons soos liggaamsdele aan mekaar verbind is en vir mekaar moet omgee.*
 - O Noem drie verskynsels wat met die uitstorting van die Heilige Gees gepaardgegaan het. (Handelinge 2: 2-4) *'n Geluid soos dié van 'n geweldige rukwind, tonge soos van vuur, en spreek in tale.*
 - O Hoe praat die Here met ons tydens die erediens? (Les 9 – LEER) *Die Here praat met ons in die erediens deur die dominee wat Bybel lees en preek.*
 - O Hoe praat ons met die Here tydens die erediens? (Les 9 – LEER) *Ons praat met die Here as ons bid, sing en belydenis doen.*

- O Hoeveel mense het op pinksterdag tot bekering gekom? (Handelinge 2: 41) *Omtrent 3 000 mense het op pinksterdag tot bekering gekom.*
- O Wie het die skare onder leiding van die Heilige Gees toegespreek? (Handelinge 2: 14) *Petrus.*
- O Wat beteken dit vir jou en vir my dat Jesus opgestaan het uit die dood? (Les 4) *Jesus se opstanding beteken dat Hy die dood oorwin het en dat ons ook eendag sal opstaan uit die dood en vir ewig by Jesus sal woon.*

IETS OM TE DOEN

- Hoekom moet ons kerk toe gaan? (Les 9 – IETS BELANGRIK) *Deur kerk toe te gaan, word ons geloof versterk.*

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

DOEN

- Wat sê die volgende teksverse in verband met naasteliefde? (Stel dit in jou eie woorde.)
Matteus 25: 40 en Johannes 13: 35.
- Naasteliefde is: ... (Skryf slegs *Ja* of *Nee* op die lyntjie langs elke stelling.)
 - O Tyd maak om na iemand te luister. *Ja.*
 - O Begrip hê vir ander. *Ja.*
 - O Gewillig wees om iemand in nood te help. *Ja.*
 - O Net dié liefhê wat my goed behandel. *Nee.*
 - O Vergewe maar nie vergeet nie. *Ja.* ('n Mens moet vergewe, maar jy kan nie vergeet nie, want dan moet jy 'n "deel van jou brein" uitsny.)
 - O 'n Glimlag van my kant af. *Ja.*
 - O Vriendelik optree teenoor iemand anders, maar in my hart haat ek hom of haar. *Nee.*
- Skryf 'n persoon vir wie jy nie baie lief is nie, se voorletter op die lyntjie. Bid nou dat God jou sal help om ook vir dié persoon lief te word.

LEER

Laat hulle die antwoorde van die hersieningsvrae leer en onthou.

- Maria Magdalena, Maria – die ma van Jakobus – en Salome was almal by die graf die Sondagmôre toe Jesus opgestaan het.
- Jesus het die 12 dissipels wat Hy uitgekies het ook die 12 apostels genoem (Lukas 6: 13).
- *Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word* (Lukas 6: 27).
- Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

- Jesus het aan sy 12 dissipels twee magte gegee, naamlik –
 - om onrein geeste uit te dryf, en
 - om siekes gesond te maak.
- Die woordjie *kerk* beteken om deur die Here geroep te wees, om aan die Here te behoort en dus aan Hom gehoorsaam te wees.
- Die Doop is 'n teken wat jy ontvang wat beteken jy is die Here s'n.
- Jesus het vir Petrus gesê dat hy Sefas genoem sal word.
- Die Heilige Gees is op pinksterdag uitgestort.
- Die vrug van die Gees is: liefde, blydschap, vrede, vriendelikheid, sagmoedigheid, selfbeheersing, ensovoorts.
- Die Bybel vergelyk die kerk met 'n liggaam om te verduidelik dat ons soos liggaamsdele aan mekaar verbind is en vir mekaar moet omgee.
- Drie verskynsels wat met die uitstorting van die Heilige Gees gepaardgegaan het, was: 'n geluid soos dié van 'n geweldige rukwind, tonge soos van vuur, en spreek in tale.
- Die Here praat met ons in die erediens deur die dominee wat Bybel lees en preek.
- Ons praat met die Here as ons bid, sing en belydenis doen.
- Omtrent 3 000 mense het op pinksterdag tot bekering gekom.
- Petrus het die skare onder leiding van die Heilige Gees toegesprek op pinksterdag.
- Jesus se opstanding beteken dat Hy die dood oorwin het en dat ons ook eendag sal opstaan uit die dood en vir ewig by Jesus sal woon.
- Deur kerk toe te gaan, word ons geloof versterk.

AFSLUITING

Lees Gesang 334: 3 en 4 en sluit af met gebed.

*Deur sy Gees, die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit;
en dié liefde – wat volmaak is –
dryf die vrees en selfsug uit.*

*As die Vader in sy liefde
dan die sondaar maak tot kind,
mag sy Seun al meer gestalte
in ons doen en late vind!*